Doc no: 30083
Copy no: 30085

058224|7

183191332F

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY
RGN·HSRC

VERVALDATUM/DATE DUE

1986 -01- 06
27 MAR 1986

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

0000300855

2844363866

001.3072068 HSRC KOMM 30
*030085*

## RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere instituut van die RGN kan van die President van die Raad verkry word.

BRONNELYS


BENSON, IVOR. *The opinion makers.* Durban, Dolphin Press, 1967.

ENGELBRECHT, J.C.R. *Die pers as massakommunikasiemedium.* Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.

GERRYTS, E.D. *'n Ontleding van die inhoud van Afrikaanse en Engelse dagblaaie voor die instelling van televisie.* Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979.

HERBST, D.A.S. *Die dilemma van die moderne koerant: 'n historiese ondersoek met toespitsing op maatskaplike, ekonomiese en politieke aspekte.* Potchefstroom, PU vir CHO, 1974. (D.Phil. dissertasie)

OOSTHUIZEN, P.G. *Televisie en aggressie, 1978.* Raad vir Geesteswetenlike Navorsing, 1980.

SNYMAN, P.G. *Pers en leser, 'n prinsipiële voorstudie tot die persetiek.* Potchefstroom, Pro/Rege, 1971.

SUID-AFRIKA (Republiek). Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie. *Verslag.* Pretoria, Staatsdrukker, 1970.




# Die inhoud van Afrikaanse en Engelse dagblaaie voor en na die instelling van televisie

verband kon hou met die instelling van televisie was 'n toename van kleurfoto's op die agterblad van Afrikaanse koerante en oggendkoerante.

## 4.4 GEVOLGTREKKING

Met enkele uitsonderings is veranderings in die ruimtebeslag van verskillende funksies wat moontlik betrekking kon hê op die instelling van televisie in Suid-Afrika grootliks beperk tot afdelings in koerante en/of tot subfunksies. Wat die voorsiene moontlike veranderinge in ruimtebeslag betref, soos genoem onder punt 4.1, is daar slegs ten opsigte van die *adver= tensiefunksie* redelik deurlopende aanduidings van veranderinge soos voorsien, gevind. Die verandering van *Nasionale handels= advertensies* en die vermeerdering van *Plaaslike handelsadverten= sies* strook in breë trekke met wat verwag is. 'n Opvallende verandering wat nie voorsien is nie, is die vermeerdering van die ruimtebeslag van die *diensfunksie*, en meer spesifiek die subfunksie *Omgewingsinligting*.

## 4.5 SLOT

Daar is in hierdie studie verslag gedoen aangaande die ruimte= beslag van verskillende koerantfunksies en -subfunksies in die totale Afrikaanse en Engelse dagblaaie en onderafdelings daarvan gedurende die tydperk 1973 tot 1978. Daar is veral klem gelê op die veranderinge wat in die ruimtebeslag van die verskillende subfunksies ingetree het na die instelling van televisie aan die begin van 1976. Alhoewel daar weinig gevalle van groot veranderinge in die ruimtebeslag van funksies voorgekom het, is daar wel bevind dat daar kleiner veranderinge ten opsigte van subfunksies en in koerantonderafdelings voorgekom het wat moontlik met die instelling van televisie in Suid-Afrika verband kan hou.

'n Studie van alle koerantgroepe dui op 'n toename in die ruimtebeslag van hierdie funksie in afdeling 3 (die redaksionele blad) en 'n afname in die ruimtebeslag van hierdie funksie in afdeling 1 (die voorblad) in alle koerantgroepe behalwe oggendblaaie.

4.3.5 *Die interpretasiefunksie*

Die ruimtebeslag van hierdie funksie en sy subfunksies toon gedurende die steekproeftydperk geen veranderinge wat dalk met die instelling van televisie in verband gebring kan word nie. Dit geld vir die koerante in geheel sowel as vir die verskillende onderafdelings van koerante.

4.3.6 *Die diensfunksie*

Alhoewel dit in geen geval statisties betekenisvol was nie, was die ruimtebeslag van hierdie funksie, wat die koerante van alle koerantgroepe in die steekproef betref, meer in die jare 1976, 1977 en 1978 as in die jare 1973 en 1975. Hierdie vermeerdering kom veral in afdelings 5 en 7 van die koerante voor en dit is klaarblyklik hoofsaaklik by die subfunksie *Omgewingsinligting* waar hierdie styging merkbaar is. Hierdie verandering kan moontlik verband hou met die instelling van televisie en is waarskynlik deels veroorsaak deur die publikasie van gegewens soos televisieprogramuitsaaitye sedert die instelling van televisie.

4.3.7 *Illustrasiemateriaal*

Daar was geen veranderinge ten opsigte van die ruimtebeslag van illustrasiemateriaal in die totale koerant van enige van die koerantgroepe wat met die instelling van televisie in verband gebring kon word nie. Op die voorblad van Afrikaanse en middagkoerante was daar wel 'n afname in die ruimtebeslag van swart-en-wit foto's wat moontlik verband kon hou met die instelling van televisie. 'n Ander verandering wat ook moontlik



Verslag KOMM-30

# Die inhoud van Afrikaanse en Engelse dagblaaie voor en na die instelling van televisie

E.D. Gerryts

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1981

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1983 -01- 06

STANDKODE
001.3072068 HSRC KOMM 30

REGISTERNOMMER
058224

BESTELNOMMER
G

E.D. Gerryts, B.A. (Hons.), Seniornavorser

Instituut vir Kommunikasienavorsing
Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 86965 965 0

Prys: R6.65
(AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1981
Alle regte voorbehou

Gedruk deur Compuprint

gaans meer as 90 % van die totale koerantoppervlakte beslaan. Die *advertensiefunksie* en die *inligtingsfunksie* het saam deur=gaans meer as 65 % van die ruimte van al die koerantgroepe beslaan.

4.3.2 *Die advertensiefunksie*

Die *advertensiefunksie* het deurgaans in al die koerantgroepe die meeste ruimte beslaan. In sowel Afrikaanse koerante as oggend=koerante was die ruimtebeslag van hierdie funksie in 1978, die jaar waarin daar begin is met die vertoning van televisie-adver=tensies, statisties beduidend laer as in die ander steekproef=jare. 'n Daling in die ruimtebeslag van die funksie in al die groepe koerante is merkbaar vanaf 1976. *Plaaslike handselsadver=tensies* het 'n toename in ruimtebeslag vanaf 1976 tot 1977 getoon, terwyl *Nasionale handelsadvertensies* in 'n groot mate 'n teenoor=gestelde tendens getoon het. Hierdie waarnemings is in etlike gevalle gestaaf deur statisties beduidende hoogte- en laagte=punte voor en na die instelling van televisie.

4.3.3 *Die inligtingsfunksie*

Die *inligtingsfunksie* is die funksie wat die tweede meeste ruimte in al die koerantgroepe beslaan het. Geen statisties betekenis=volle veranderinge het ten opsigte van die ruimtebeslag van hier=die funksie gedurende die steekproeftydperk voorgekom nie. In Engelse sowel as middagkoerante was daar in 1978 'n statistiese betekenisvolle vermeerdering in die ruimtebeslag van *Plaaslike nuus* merkbaar terwyl daar van 1973 tot 1978 by Afrikaanse koe=rante 'n afname in die ruimtebeslag van *Oorsese nuus* opgemerk is.

4.3.4 *Die ontvlugtingsfunksie*

Wat die ruimtebeslag van hierdie funksie betref, was daar slegs in die geval van Afrikaanse koerante 'n statisties beduidende aanduiding van 'n afname gedurende die steekproeftydperk.

uitgawes van die betrokke jaar. Bevredigende resultate is verkry vir Engelse sowel as Afrikaanse koerante en vir oggend- sowel as middagkoerante.

Met behulp van 'n sisteem van kategorieë het 'n span van inhoudsontleders die koerante ontleed en alle items in kategorieë ingedeel. Die koëffisiënt van interbeoordelaarsbetroubaarheid was deurgaans hoog. Die verskillende kategorieë is saamgegroepeer om nege funksies te vorm, naamlik die *inligtingsfunksie*, die *interpretasiefunksie*, die *ontvlugtingsfunksie*, die *ensiklopediese funksie*, die *diensfunksie*, die *materiële winsfunksie*, die *selfuitdrukkingsfunksie*, die *beïnvloedingsfunksie* en die *advertensiefunksie*.

Daar is verder nie net gelet op die hoeveelheid ruimte wat deur alle kategorieë opgeneem is nie, maar ook op waar die berigte in die koerant voorkom. Hiervoor is die koerant in sewe afdelings opgedeel, naamlik die voorblad, die deel tussen die voorblad en die redaksionele blad, die redaksionele teenblad, die deel tussen die redaksionele teenblad en die agterblad, die agterblad en die bylae.

Die ruimtebeslag van die verskillende funksies is ontleed deur die log-lineêre modelontledingstegniek. Op die wyse is vasgestel in watter mate daar van jaar tot jaar veranderinge ten opsigte van die ruimtebeslag van die onderskeie funksies en subfunksies voorgekom het.

## 4.3 BEVINDINGS

### 4.3.1 *Ruimtebeslag van funksies*

Die vyf funksies wat elke jaar die meeste ruimte in al die koerantgroepe beslaan, is die *advertensiefunksie*, die *inligtingsfunksie*, die *ontvlugtingsfunksie*, die *interpretasiefunksie* en die *diensfunksie*. Gesamentlik het hierdie funksies bykans deur=



INHOUDSOPGAWE

BLADSY


SUMMARY/OPSOMMING ............................ -x-

1 INLEIDING .................................... 1

1.1 Agtergrond ................................ 1
1.2 Doel ...................................... 3

2 METODE VAN ONDERSOEK ........................ 4

2.1 Die steekproewe ........................... 4
2.2 Kategorisering ............................ 9
2.3 Aanbieding van gegewens ................... 17
2.4 Vergelyking van die ruimtebeslag van die funksies oor die steekproefjare ................. 22
2.5 Ontleders ................................. 23

3 RESULTATE .................................... 24

3.1 Inleiding ................................. 24
3.2 Ruimtebeslag van funksies ................. 27
3.3 Gevolgtrekking ............................ 32

4 SAMEVATTING ................................. 53

4.1 Inleiding ................................. 53
4.2 Metode van ondersoek ...................... 53
4.3 Bevindinge ................................ 54
4.4 Gevolgtrekking ............................ 57
4.5 Slot ...................................... 58

BRONNELYS .................................... 59

TABELLE

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | RUIMTEBESLAG VAN VERSKILLENDE FUNKSIES OOR DIE VIER STEEKPROEFWEKE: AFRIKAANSE KOERANTE ....... | 6 |
| 2.2 | RUIMTEBESLAG VAN VERSKILLENDE FUNKSIES OOR DIE VIER STEEKPROEFWEKE: ENGELSE KOERANTE ......... | 6 |
| 2.3 | RUIMTEBESLAG VAN VERSKILLENDE FUNKSIES OOR DIE VIER STEEKPROEFWEKE: OGGENDKOERANTE .......... | 7 |
| 2.4 | RUIMTEBESLAG VAN VERSKILLENDE FUNKSIES OOR DIE VIER STEEKPROEFWEKE: MIDDAGKOERANTE ......... | 7 |
| 2.5 | KORRELASIES (SPEARMAN RHO) TUSSEN DIE STEEKPROEF EN DIE UNIVERSUM TEN OPSIGTE VAN DIE RUIMTE AF= GESTAAN AAN FUNKSIES VAN AFRIKAANSE EN ENGELSE KOERANTE IN 1978 ............................ | 10 |
| 2.6 | KORRELASIES TUSSEN DIE STEEKPROEF EN DIE UNIVER= SUM TEN OPSIGTE VAN DIE RUIMTE AFGESTAAN AAN FUNKSIES VAN OGGEND- EN MIDDAGKOERANTE IN 1978 | 10 |
| 2.7 | KOERANTFUNKSIES ............................. | 18 |
| 3.1 | RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: AFRIKAANSE KOERANTE ............................ | 26 |
| 3.2 | RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: ENGELSE KOERANTE ............................... | 26 |
| 3.3 | RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: OGGENDKOERANTE ................................. | 26 |
| 3.4 | RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: MIDDAGKOERANTE ................................. | 26 |



# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING

### 4.1 INLEIDING

Hierdie projek vind aansluiting by 'n navorsingsprogram wat daarop gemik is om die uitwerking van die instelling van televisie in Suid-Afrika te bepaal. Navorsing oorsee toon dat die invloed wat televisie op die sirkulasiesyfers van dagblaaie kan hê, moontlik afhanklik is van die inhoud van die dagblaaie. Hierdie projek is daarop gerig om deur middel van inhoudsontleding ondersoek in te stel na verskuiwings en ver= anderings van funksies van dagblaaie, soos deur hulle inhoud voor en na die instelling van televisie uitgebeeld. Moontlike veran= derings in inhoud wat vir koerante na die instelling van televisie voorsien is, sluit onder andere in 'n afname in illustrasiemateriaal, vermaaklikheidsmateriaal, nasionale en internasionale nuus, nasionale handelsadvertensies en 'n toename in agtergrond= besprekings, streek- en plaaslike nuus en plaaslike handels= advertensies. Daar is ook voorsien dat middagkoerante in 'n groter mate as oggendkoerante deur die instelling van televisie geraak sou word. In hierdie verslag word 'n beeld gegee van die inhoud van dagblaaie in die jare 1973, 1975, 1976, 1977 en 1978, dit wil sê vanaf drie jaar voor tot drie jaar na die instelling van televisie.

### 4.2 METODE VAN ONDERSOEK

In 1973 is 'n steekproef van ses dagblaaie uit 'n moontlike 21 dag= blaaie en van vier weke (een uit elke seisoen) uit die moontlike 52 weke se uitgawes getrek. Dieselfde dagblaaie en dieselfde datums is vir die trek van die ander steekproefjare (1975, 1976, 1977 en 1978) gebruik. Elke steekproef is afsonderlik statisties getoets vir veralgemeenbaarheid tot die universum van alle dagblaaie en tot die universum van alle weke se

TABEL 3.32

RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: MIDDAGKOERANTE

| Koerant= afdelings | Jare | Persentasieruimtebeslag van koerantillustrasies: Swart-en-wit foto's | Kleurfoto's | Swart-en-wit tekeninge | Kleurtekeninge | Geskrewe materiaal | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1973 | 20 | 0 | 1 | 0 | 79 | 100 |
| | 1975 | 18 | 0 | 0 | 0 | 81 | 100 |
| | 1976 | 16 | 0 | 1 | 0 | 83 | 100 |
| | 1977 | 16 | 0 | 0 | 0 | 84 | 100 |
| | 1978 | 16 | 0 | 0 | 0 | 83 | 100 |
| 2 | 1973 | 7 | 0 | 1 | 0 | 93 | 100 |
| | 1975 | 7 | 0 | 1 | 0 | 92 | 100 |
| | 1976 | 5 | 0 | 0 | 0 | 94 | 100 |
| | 1977 | 6 | 0 | 0 | 0 | 94 | 100 |
| | 1978 | 6 | 0 | 0 | 0 | 93 | 100 |
| 3 | 1973 | 1 | 0 | 4 | 0 | 95 | 100 |
| | 1975 | 1 | 0 | 8 | 0 | 91 | 100 |
| | 1976 | 2 | 0 | 12 | 0 | 87 | 100 |
| | 1977 | 2 | 0 | 10 | 0 | 88 | 100 |
| | 1978 | 2 | 0 | 10 | 0 | 89 | 100 |
| 4 | 1973 | 16 | 0 | 2 | 0 | 82 | 100 |
| | 1975 | 17 | 0 | 1 | 0 | 82 | 100 |
| | 1976 | 17 | 0 | 1 | 0 | 81 | 100 |
| | 1977 | 16 | 0 | 2 | 0 | 82 | 100 |
| | 1978 | 18 | 0 | 0 | 0 | 81 | 100 |
| 5 | 1973 | 4 | 0 | 3 | 0 | 94 | 100 |
| | 1975 | 5 | 0 | 2 | 0 | 93 | 100 |
| | 1976 | 4 | 0 | 2 | 0 | 94 | 100 |
| | 1977 | 4 | 0 | 3 | 0 | 93 | 100 |
| | 1978 | 4 | 0 | 3 | 0 | 93 | 100 |
| 6 | 1973 | 10 | 0 | 0 | 0 | 89 | 100 |
| | 1975 | 13 | 0 | 0 | 0 | 87 | 100 |
| | 1976 | 13 | 0 | 0 | 0 | 87 | 100 |
| | 1977 | 15 | 0 | 0 | 0 | 85 | 100 |
| | 1978 | 12 | 0 | 0 | 0 | 88 | 100 |
| 7 | 1973 | 6 | 1 | 4 | 2 | 86 | 100 |
| | 1975 | 5 | 2 | 3 | 1 | 89 | 100 |
| | 1976 | 5 | 2 | 3 | 1 | 90 | 100 |
| | 1977 | 5 | 2 | 3 | 1 | 89 | 100 |
| | 1978 | 5 | 2 | 2 | 1 | 90 | 100 |
| Totale koerant | 1973 | 6 | 0 | 2 | 1 | 91 | 100 |
| | 1975 | 7 | 1 | 2 | 0 | 91 | 100 |
| | 1976 | 6 | 1 | 2 | 0 | 91 | 100 |
| | 1977 | 6 | 1 | 2 | 0 | 91 | 100 |
| | 1978 | 6 | 1 | 2 | 0 | 91 | 100 |



TABELLE (vervolg)

BLADSY

3.5 RUIMTEBESLAG VAN FUNKSIES: AFRIKAANSE KOERANTE 35

3.6 RUIMTEBESLAG VAN FUNKSIES: ENGELSE KOERANTE ... 36

3.7 RUIMTEBESLAG VAN FUNKSIES: OGGENDKOERANTE ..... 37

3.8 RUIMTEBESLAG VAN FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE ..... 38

3.9 RUIMTEBESLAG VAN DIE ADVERTENSIEFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: AFRIKAANSE KOERANTE ........................... 39

3.10 RUIMTEBESLAG VAN DIE ADVERTENSIEFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: ENGELSE KOERANTE ............................. 39

3.11 RUIMTEBESLAG VAN DIE ADVERTENSIEFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: OGGENDKOERANTE ............................... 40

3.12 RUIMTEBESLAG VAN DIE ADVERTENSIEFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE ............................... 40

3.13 RUIMTEBESLAG VAN DIE INLIGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: AFRIKAANSE KOERANTE ........................... 41

3.14 RUIMTEBESLAG VAN DIE INLIGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: ENGELSE KOERANTE ............................. 41

TABELLE (vervolg)

BLADSY


3.15 RUIMTEBESLAG VAN DIE INLIGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: OGGENDKOERANTE .................................. 42

3.16 RUIMTEBESLAG VAN DIE INLIGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE ................................ 42

3.17 RUIMTEBESLAG VAN DIE ONTVLUGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: AFRIKAANSE KOERANTE ............................ 43

3.18 RUIMTEBESLAG VAN DIE ONTVLUGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: ENGELSE KOERANTE ................................ 43

3.19 RUIMTEBESLAG VAN DIE ONTVLUGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: OGGENDKOERANTE .................................. 44

3.20 RUIMTEBESLAG VAN DIE ONTVLUGTINGSFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE .................................. 44

3.21 RUIMTEBESLAG VAN DIE INTERPRETASIEFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: AFRIKAANSE KOERANTE ............................ 45

3.22 RUIMTEBESLAG VAN DIE INTERPRETASIEFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: ENGELSE KOERANTE ................................ 45




TABEL 3.31

RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: OGGENDKOERANTE

| Koerant= afdelings | Jare | Persentasieruimtebeslag van koerantillustrasies | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Swart-en-wit foto's | Kleurfoto's | Swart-en-wit tekeninge | Kleurtekeninge | Geskrewe materiaal | TOTAAL |
| 1 | 1973 | 12 | 3 | 1 | 0 | 85 | 100 |
| | 1975 | 10 | 5 | 1 | 0 | 84 | 100 |
| | 1976 | 10 | 5 | 1 | 0 | 84 | 100 |
| | 1977 | 12 | 5 | 0 | 1 | 81 | 100 |
| | 1978 | 11 | 6 | 0 | 0 | 83 | 100 |
| 2 | 1973 | 7 | 0 | 0 | 0 | 93 | 100 |
| | 1975 | 7 | 1 | 0 | 0 | 92 | 100 |
| | 1976 | 7 | 1 | 0 | 0 | 92 | 100 |
| | 1977 | 7 | 1 | 0 | 0 | 92 | 100 |
| | 1978 | 8 | 1 | 0 | 0 | 91 | 100 |
| 3 | 1973 | 1 | 0 | 11 | 0 | 87 | 100 |
| | 1975 | 1 | 0 | 10 | 0 | 89 | 100 |
| | 1976 | 2 | 0 | 10 | 0 | 88 | 100 |
| | 1977 | 2 | 0 | 10 | 0 | 88 | 100 |
| | 1978 | 2 | 0 | 9 | 0 | 89 | 100 |
| 4 | 1973 | 13 | 0 | 1 | 0 | 86 | 100 |
| | 1975 | 16 | 0 | 1 | 0 | 83 | 100 |
| | 1976 | 12 | 0 | 0 | 0 | 88 | 100 |
| | 1977 | 17 | 0 | 0 | 0 | 82 | 100 |
| | 1978 | 16 | 0 | 0 | 0 | 84 | 100 |
| 5 | 1973 | 3 | 0 | 3 | 0 | 94 | 100 |
| | 1975 | 4 | 0 | 2 | 0 | 93 | 100 |
| | 1976 | 5 | 0 | 3 | 0 | 92 | 100 |
| | 1977 | 4 | 0 | 3 | 0 | 93 | 100 |
| | 1978 | 5 | 1 | 4 | 0 | 91 | 100 |
| 6 | 1973 | 8 | 0 | 1 | 0 | 91 | 100 |
| | 1975 | 8 | 1 | 1 | 0 | 90 | 100 |
| | 1976 | 5 | 5 | 3 | 0 | 87 | 100 |
| | 1977 | 6 | 6 | 2 | 1 | 86 | 100 |
| | 1978 | 6 | 8 | 0 | 0 | 87 | 100 |
| 7 | 1973 | 10 | 4 | 2 | 4 | 80 | 100 |
| | 1975 | 4 | 2 | 4 | 2 | 88 | 100 |
| | 1976 | 14 | 2 | 1 | 1 | 81 | 100 |
| | 1977 | 14 | 3 | 2 | 1 | 81 | 100 |
| | 1978 | 12 | 6 | 2 | 1 | 79 | 100 |
| Totale koerant | 1973 | 6 | 1 | 2 | 0 | 91 | 100 |
| | 1975 | 5 | 1 | 2 | 0 | 90 | 100 |
| | 1976 | 7 | 1 | 2 | 0 | 90 | 100 |
| | 1977 | 7 | 1 | 2 | 0 | 90 | 100 |
| | 1978 | 7 | 2 | 2 | 0 | 89 | 100 |



058224

TABEL 3.30

RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: ENGELSE KOERANTE

| Koerant= afdelings | Jare | Persentasieruimtebeslag van koerantillustrasies | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Swart-en-wit fot's | Kleurfoto's | Swart-en-wit tekeninge | Kleurtekeninge | Geskrewe materiaal | TOTAAL |
| 1 | 1973 | 18 | 2 | 1 | 0 | 79 | 100 |
| | 1975 | 16 | 1 | 1 | 0 | 83 | 100 |
| | 1976 | 15 | 0 | 1 | 0 | 84 | 100 |
| | 1977 | 15 | 1 | 1 | 0 | 83 | 100 |
| | 1978 | 15 | 1 | 0 | 0 | 84 | 100 |
| 2 | 1973 | 7 | 0 | 1 | 0 | 92 | 100 |
| | 1975 | 7 | 0 | 1 | 0 | 92 | 100 |
| | 1976 | 6 | 0 | 0 | 0 | 94 | 100 |
| | 1977 | 6 | 0 | 0 | 0 | 93 | 100 |
| | 1978 | 6 | 0 | 1 | 0 | 93 | 100 |
| 3 | 1973 | 0 | 0 | 8 | 0 | 91 | 100 |
| | 1975 | 1 | 0 | 12 | 0 | 87 | 100 |
| | 1976 | 2 | 0 | 11 | 0 | 87 | 100 |
| | 1977 | 3 | 0 | 9 | 0 | 88 | 100 |
| | 1978 | 3 | 0 | 8 | 0 | 89 | 100 |
| 4 | 1973 | 18 | 0 | 2 | 0 | 80 | 100 |
| | 1975 | 19 | 0 | 1 | 0 | 80 | 100 |
| | 1976 | 17 | 0 | 2 | 0 | 82 | 100 |
| | 1977 | 19 | 0 | 2 | 0 | 79 | 100 |
| | 1978 | 20 | 0 | 0 | 0 | 80 | 100 |
| 5 | 1973 | 3 | 0 | 2 | 0 | 95 | 100 |
| | 1975 | 5 | 0 | 2 | 0 | 93 | 100 |
| | 1976 | 4 | 0 | 2 | 0 | 95 | 100 |
| | 1977 | 3 | 0 | 2 | 0 | 95 | 100 |
| | 1978 | 4 | 0 | 1 | 0 | 94 | 100 |
| 6 | 1973 | 7 | 0 | 1 | 0 | 92 | 100 |
| | 1975 | 9 | 0 | 0 | 0 | 90 | 100 |
| | 1976 | 10 | 0 | 2 | 0 | 88 | 100 |
| | 1977 | 10 | 1 | 1 | 0 | 89 | 100 |
| | 1978 | 8 | 0 | 1 | 0 | 92 | 100 |
| 7 | 1973 | 4 | 1 | 3 | 1 | 91 | 100 |
| | 1975 | 2 | 0 | 2 | 1 | 95 | 100 |
| | 1976 | 4 | 0 | 3 | 1 | 92 | 100 |
| | 1977 | 4 | 1 | 2 | 0 | 92 | 100 |
| | 1978 | 4 | 1 | 2 | 0 | 93 | 100 |
| Totale koerant | 1973 | 5 | 0 | 2 | 0 | 92 | 100 |
| | 1975 | 5 | 0 | 2 | 0 | 93 | 100 |
| | 1976 | 5 | 0 | 2 | 0 | 92 | 100 |
| | 1977 | 6 | 0 | 2 | 0 | 92 | 100 |
| | 1978 | 6 | 0 | 1 | 0 | 93 | 100 |



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABELLE (vervolg)

BLADSY

3.23 RUIMTEBESLAG VAN DIE INTERPRETASIEFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: OGGENDKOERANTE .................................. 46

3.24 RUIMTEBESLAG VAN DIE INTERPRETASIEFUNKSIE (ONDER= VERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE .................................. 46

3.25 RUIMTEBESLAG VAN DIE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: AFRIKAANSE KOERANTE ............................. 47

3.26 RUIMTEBESLAG VAN DIE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: ENGELSE KOERANTE ................................ 47

3.27 RUIMTEBESLAG VAN DIE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: OGGENDKOERANTE 48

3.28 RUIMTEBESLAG VAN DIE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE 48

3.29 RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: AFRIKAANSE KOERANTE 49

3.30 RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: ENGELSE KOERANTE 50

3.31 RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: OGGENDKOERANTE 51

3.32 RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: MIDDAGKOERANTE 52

## SUMMARY

The study involves an investigation into the content of South African daily newspapers before and after the introduction of television. For the purpose of this investigation samples of daily newspapers were drawn for the years 1973, 1975, 1976, 1977 and 1978. The newspapers were analyzed by means of a category system into which all items in the papers were classified. The results were processed into a system of nine functions, subdivided into subfunctions, which link up with the above category system.

From the results of the analysis it appears that most of the changes in the allocation of space which may be connected to the introduction of television, occur in the *advertisement function*, particularly the sub=functions *National commercial advertisements* and *Local commercial adver=tisements* and in the *service function*, particularly the subfunction *Environmental information*. Other changes in the allocation of space of different functions which may be related to the introduction of television are largely limited to proportional changes in the allocation of space within subdivisions of newspapers.

## OPSOMMING

Die studie behels 'n ondersoek na die inhoud van Suid-Afrikaanse dagblaaie voor en na die instelling van televisie. Vir die doel van hierdie onder=soek is steekproewe van dagblaaie vir die jare 1973, 1975, 1976, 1977 en 1978 getrek. Hierdie dagblaaie is ontleed deur middel van 'n kategorie=sisteem waarin alle items in die koerante ingedeel is. Die resultate is verwerk in 'n sisteem van nege funksies, onderverdeel in subfunksies, wat aansluit by bogenoemde kategoriesisteem.

Uit die resultate van die ontleding blyk dat die meeste veranderinge in ruimtebeslag wat moontlik met die instelling van televisie verband hou, by die *advertensiefunksie*, veral die subfunksies *Nasionale handelsadver=tensies* en *Plaaslike handelsadvertensies* en by die *diensfunksie*, veral die subfunksie *Omgewingsinligting*, voorgekom het. Ander veranderings in die ruimtebeslag van verskillende funksies wat moontlik betrekking kan hê op die instelling van televisie is grootliks beperk tot proporsionele veranderings in ruimtebeslag binne onderafdelings van koerante.




TABEL 3.29

RUIMTEBESLAG VAN ILLUSTRASIES: AFRIKAANSE KOERANTE

| Koerant=afdelings | Jare | Persentasieruimtebeslag van koerantillustrasies: Swart-en-wit foto's | Kleurfoto's | Swart-en-wit tekeninge | Kleurtekeninge | Geskrêwe materiaal | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1973 | 17 | 0 | 0 | 0 | 83 | 100 |
| | 1975 | 16 | 3 | 0 | 0 | 81 | 100 |
| | 1976 | 14 | 4 | 0 | 0 | 82 | 100 |
| | 1977 | 14 | 3 | 0 | 1 | 82 | 100 |
| | 1978 | 12 | 5 | 0 | 0 | 83 | 100 |
| 2 | 1973 | 6 | 0 | 1 | 0 | 93 | 100 |
| | 1975 | 7 | 1 | 1 | 0 | 92 | 100 |
| | 1976 | 6 | 1 | 0 | 0 | 93 | 100 |
| | 1977 | 6 | 1 | 0 | 0 | 93 | 100 |
| | 1978 | 8 | 1 | 0 | 0 | 91 | 100 |
| 3 | 1973 | 1 | 0 | 4 | 0 | 94 | 100 |
| | 1975 | 1 | 0 | 4 | 0 | 95 | 100 |
| | 1976 | 1 | 0 | 11 | 0 | 87 | 100 |
| | 1977 | 1 | 0 | 12 | 0 | 88 | 100 |
| | 1978 | 0 | 0 | 11 | 0 | 89 | 100 |
| 4 | 1973 | 12 | 0 | 1 | 0 | 88 | 100 |
| | 1975 | 14 | 0 | 0 | 0 | 85 | 100 |
| | 1976 | 14 | 0 | 0 | 0 | 86 | 100 |
| | 1977 | 13 | 0 | 1 | 0 | 86 | 100 |
| | 1978 | 14 | 0 | 0 | 0 | 85 | 100 |
| 5 | 1973 | 4 | 0 | 5 | 0 | 91 | 100 |
| | 1975 | 4 | 0 | 3 | 0 | 92 | 100 |
| | 1976 | 6 | 0 | 4 | 0 | 90 | 100 |
| | 1977 | 5 | 1 | 5 | 0 | 90 | 100 |
| | 1978 | 5 | 1 | 5 | 0 | 89 | 100 |
| 6 | 1973 | 13 | 0 | 0 | 0 | 87 | 100 |
| | 1975 | 13 | 1 | 0 | 0 | 86 | 100 |
| | 1976 | 11 | 4 | 0 | 0 | 85 | 100 |
| | 1977 | 14 | 4 | 0 | 1 | 81 | 100 |
| | 1978 | 12 | 5 | 0 | 0 | 82 | 100 |
| 7 | 1973 | 17 | 3 | 5 | 8 | 66 | 100 |
| | 1975 | 18 | 11 | 5 | 3 | 63 | 100 |
| | 1976 | 17 | 9 | 3 | 3 | 69 | 100 |
| | 1977 | 15 | 6 | 3 | 3 | 73 | 100 |
| | 1978 | 14 | 8 | 2 | 2 | 73 | 100 |
| Totale koerant | 1973 | 7 | 0† | 3 | 1 | 88 | 100 |
| | 1975 | 8 | 2 | 2 | 0 | 87 | 100 |
| | 1976 | 8 | 2 | 2 | 0 | 87 | 100 |
| | 1977 | 8 | 2 | 3 | 1 | 87 | 100 |
| | 1978 | 8 | 2 | 3 | 0 | 87 | 100 |

†Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimtebeslag van dieselfde funksie in ander jare.

TABEL 3.27

RUIMTEBESLAG VAN DÍE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: OGGENDKOERANTE

| Jaar | Persentasieruimtebeslag van subfunksies | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Omgewingsinligting | Advieskolomme | Verbruikershulp | Praktiese aanwysings | Persoonlike ervaring | Ander dienste en wenke | Ander funksies | TOTAAL |
| 1973 | 4 | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 94 | 100 |
| 1975 | 3 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 | 95 | 100 |
| 1976 | 4 | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 92 | 100 |
| 1977 | 5† | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 91 | 100 |
| 1978 | 6† | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 91 | 100 |

† Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimtebeslag van dieselfde funskie in ander jare.

TABEL 3.28

RUIMTEBESLAG VAN DIE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE

| Jaar | Persentasieruimtebeslag van subfunksies | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Omgewingsinligting | Advieskolomme | Verbruikershulp | Praktiese aanwysings | Persoonlike ervaring | Ander dienste en wenke | Ander funksies | TOTAAL |
| 1973 | 2 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 | 96 | 100 |
| 1975 | 1† | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 96 | 100 |
| 1976 | 3 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 95 | 100 |
| 1977 | 3 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 95 | 100 |
| 1978 | 3 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 95 | 100 |

†Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimtebeslag van dieselfde funksie in ander jare.



# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

Hierdie verslag is die derde wat uitgebring word in die projek Inhoudsontleding van die Pers en die tweede wat handel oor die inhoud van koerante. Dit vorm deel van 'n ondersoek wat in die aanbeveling van die Kommissie van Ondersoek Insake Aangeleenthede Betreffende Televisie (paragraaf 411) genoem is en deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN onderneem word. Hierdie projek behels die ontleding van die inhoud van Suid-Afrikaanse koerante voor en na die in=stelling van televisie in Suid-Afrika.

In die verslag wat handel oor die inhoud van Afrikaanse en Engelse dagblaaie voor die instelling van televisie (Gerryts, 1979: 2-3) is aangetoon dat daar in die buiteland na die instelling van televisie klaarblyklik sekere ver=anderings binne die persstruktuur voorgekom het. Dit het verder geblyk dat koerantinhoud moontlik met hierdie ver=anderinge in die persstruktuur en sirkulasiesyfers van buitelandse koerante verband gehou het. Hieruit kan afgelei word dat koerante in Suid-Afrika ook moontlik na die instelling van televisie hulle funksies, soos weerspieël deur hulle inhoud, in heroorweging sou neem om die invloed van televisie op sirkulasiesyfers teë te werk. Die veranderings in koerant=inhoud wat aangebring kon word, kon sodanig wees dat daar na die instelling van televisie meer aandag as voorheen gegee is aan daardie funksies en aanbiedingswyses wat by uitstek deur koerante vervul kan word of wat veral vir koerante geskik is. Die inhoud van koerante kon byvoorbeeld moontlik soos volg verander word:

(a) Televisie is by uitstek 'n visuele medium. Aangesien dit vir die koerante moeilik is om in hierdie opsig met televisie mee te ding, is dit moontlik dat koerante mettertyd minder klem op illustrasiemateriaal gelê het en hulle meer by geskrewe materiaal bepaal het.

(b) Vir die algemene kyker wat nie oor 'n videokassetmasjien beskik nie, is televisie 'n vlugtige medium wat geen perma= nente rekord laat nie. Die kyker moet derhalwe op sy geheue staatmaak. Die koerant laat wel 'n permanente rekord en moontlik is hierdie eienskap effektief gebruik. In die verband kan gedink word aan 'n toename in agtergrond= besprekings en die publikasie van meer onderhoude en toesprake.

(c) Tussen 45 en 50 % van die totale televisie-uitsaaityd is van 1976 tot 1978 aan een of ander vorm van vermaak= likheidsprogram gewy (Oosthuizen, 1980: 9). Minder as 10 % van die totale koerantruimte van Suid-Afrikaanse koerante is gedurende 1973 en 1975 aan daardie funksie van koerante wat min of meer ooreenstem met die vermaak= likheidsfunksie van televisie-uitsendings afgestaan (Gerryts, 1979: 25-26). Omdat televisie in 'n groter mate 'n vermaaklikheidsmedium skyn te wees, is dit moontlik dat koerante vermaaklikheidsmateriaal kon verminder het en verskillende soorte inligtingsmateriaal kon vermeerder het.

(d) Daar was gedurende die eerste paar jaar van televisie-uitsendings in Suid-Afrika slegs een televisiekanaal wat nuus aan die hele Suid-Afrika verskaf het. Nuusuitsaai= tyd is beperk en televisienuus het gevolglik veral op nasio= nale en internasionale nuus wat vir die meeste kykers van belang was, gekonsentreer. Koerante kon gevolglik besluit om meer aandag te wy aan streeknuus en nuus van meer plaaslike aard, asook onbelangrike maar interessante nuus.



TABEL 3.25

RUIMTEBESLAG VAN DIE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: AFRIKAANSE KOERANTE

| Jaar | Persentasieruimtebeslag van subfunksies | | | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Omgewingsinligting | Advieskolomme | Verbruikershulp | Praktiese aanwysings | Persoonlike ervaring | Ander dienste en wenke | Ander funksies | |
| 1973 | 3 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 | 96 | 100 |
| 1975 | 2 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 96 | 100 |
| 1976 | 3 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 95 | 100 |
| 1977 | 3 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 94 | 100 |
| 1978 | 4† | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 93 | 100 |

†Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimtebeslag van dieselfde funksie in ander jare.

TABEL 3.26

RUIMTEBESLAG VAN DIE DIENSFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: ENGELSE KOERANTE

| Jaar | Persentasieruimtebeslag van subfunksies | | | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Omgewingsinligting | Advieskolomme | Verbruikershulp | Praktiese aanwysings | Persoonlike ervaring | Ander dienste en wenke | Ander funksies | |
| 1973 | 2 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 | 95 | 100 |
| 1975 | 2 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 | 96 | 100 |
| 1976 | 3 | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 94 | 100 |
| 1977 | 4† | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 94 | 100 |
| 1978 | 4 | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 94 | 100 |

†Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimtebeslag van dieselfde funksie in ander jare.

TABEL 3.23

RUIMTEBESLAG VAN DIE INTERPRETASIEFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: OGGENDKOERANTE

| Jaar | Persentasieruimtebeslag van subfunksies | | | | | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wêreldnuus (Vertolkend) | SA internasionale Nuus (vertolkend) | Oorsese nuus (vertolkend) | Afrikanuus (vertolkend) | SA nasionale nuus (vertolkend) | SA streeknuus (vertolkend) | Plaaslike nuus (vertolkend) | Bespiegelende algemene kennis | Ander funksies | |
| 1973 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 0 | 0 | 95 | 100 |
| 1975 | 0 | 1 | 1 | 0 | 2 | 2 | 1 | 0 | 92 | 100 |
| 1976 | 0 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1† | 0 | 0 | 96 | 100 |
| 1977 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | 95 | 100 |
| 1978 | 0 | 1 | 1 | 0 | 3† | 2 | 1 | 0 | 92 | 100 |

†Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimte=beslag van dieselfde subfunksie in ander jare.

TABEL 3.24

RUIMTEBESLAG VAN DIE INTERPRETASIEFUNKSIE (ONDERVERDEEL IN SUBFUNKSIES) EN ANDER FUNKSIES: MIDDAGKOERANTE

| Jaar | Persentasieruimtebeslag van subfunksies | | | | | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wêreldnuus (vertolkend) | SA internasionale Nuus (vertolkend) | Oorsese nuus (vertolkend) | Afrikanuus (vertolkend) | SA nasionale nuus (vertolkend) | SA streeknuus (vertolkend) | Plaaslike nuus (vertolkend) | Bespiegelende algemene kennis | Ander funksies | |
| 1973 | 0 | 0 | 1 | 0 | 1† | 1 | 1 | 0 | 96 | 100 |
| 1975 | 0 | 1 | 2† | 1 | 2 | 1 | 1 | 0 | 94 | 100 |
| 1976 | 0 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 | 1 | 0 | 95 | 100 |
| 1977 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 | 94 | 100 |
| 1978 | 0 | 1 | 1 | 0 | 2† | 1 | 1 | 0 | 94 | 100 |

†Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimte=beslag van dieselfde subfunksie in ander jare.



(e) Om dieselfde rede as wat reeds onder punt (d) genoem is, is advertensies (wat in 1978 vir die eerste keer op SATV gebeeldsend is) ook van nasionale aard. Koerante kon gevolglik gedwing word om hulle in groter mate toe te lê op die werwing en publikasie van advertensies gerig tot 'n plaaslike publiek eerder as tot die breë gemeenskap. Aangesien televisie moontlik 'n deel van die leserspubliek van koerante weggetrek het en aangesien advertensieruimte nou saamhang met die aantal lesers wat 'n koerant het, kan dit verwag word dat koerante na die instelling van televisie in die algemeen proporsioneel minder ruimte as voorheen aan advertensies sou bestee.

(f) Siende dat televisie in Suid-Afrika sedert die aanvang daarvan hoofsaaklik 'n aandmedium was, kon middagkoerante moontlik in 'n groter mate aanpassings gemaak het as oggendkoerante.

## 1.2 DOEL

Die doel met hierdie projek is om deur middel van inhouds=ontleding vas te stel of die instelling van televisie in Suid-Afrika met verskuiwings ten opsigte van die dagbladpers se funksies soos weerspieël deur die inhoud van dagblaaie ge=paard gegaan het. In hierdie verslag word op grond van steek=proewe 'n beeld gegee van die funksies van dagblaaie wat gedurende die jare 1973 tot 1978 verskyn het. Hierdie beeld is verkry deur middel van inhoudsontledings wat op genoemde dagblaaie gedurende hierdie tydperk gedoen is. Aangesien die veranderings wat van 1973 tot 1975 voorgekom het reeds in 'n vorige verslag (Gerryts, 1979) bespreek is, sal daar in hierdie verslag veral gelet word op moontlike veranderings wat in die funksiestruktuur van dagblaaie voorgekom het sedert die instelling van televisie in Suid-Afrika aan die begin van 1976. Verder sal daar ook nagegaan word of die moontlike veranderings in koerantinhoud wat in paragraaf 1.1 genoem is, voorgekom het.

HOOFSTUK 2

# METODE VAN ONDERSOEK

Vir die doel van hierdie ondersoek is steekproewe van dagblaaie vir die jare 1973, 1975, 1976, 1977 en 1978 getrek. Hierdie koerante is deur 'n span inhoudsontleders ontleed en die resultate van die ontledings is op datavelle gekodeer. Die ontleding is gedoen deur middel van 'n kategorie= sisteem waarvolgens alle items in die koerante ingedeel is. Rekord is gehou van die ruimte wat elke kategorie in die koerant as geheel sowel as in die verskillende onderafdelings van die koerant beslaan.

Die resultate is verwerk in 'n sisteem van funksies wat aansluit by bogenoemde kategoriesisteem.

## 2.1 DIE STEEKPROEWE

Om 'n hanteerbare aantal koerante vir ontleding te kry, is daar van steekproeftrekking gebruik gemaak. Die wyse waarop steekproewe getrek is, word onder uiteengesit.

### 2.1.1 *Steekproefdatums*

Daar is jaarliks vier weke se uitgawes van elke koerant wat in die steekproef val, ontleed. In die geval van koerante wat meer as een uitgawe per dag publiseer, is slegs een uitgawe by die ontleding betrek. Die jaarlikse steekproef= datums is soos volg bepaal: Vier uitgawes is in die loop van die jaar getrek sodat elk binne 'n ander seisoen val. Eerstens is 'n maand op ewekansige wyse getrek, naamlik November. Daarna is elke derde daaropvolgende maand getrek. Die maande wat in die steekproef geval het, is die volgende:

| | |
|---|---|
†Hierdie ruimtebeslag verskil beduidend van die gemiddelde ruimtebeslag van dieselfde funksie in ander jare.

Verdere bevindinge wat ook moontlik met die instelling van televisie verband kan hou, is by die *advertensiefunksie* ver= kry (kyk tabelle 3.5 tot 3.12). Daar is naamlik aanduidings van 'n daling van die ruimtebeslag van hierdie funksie na die instelling van televisie. Hierdie daling is veral duidelik in 1978, die jaar wat advertensies vir die eerste maal op televisie vertoon is. 'n Vermeerdering van *Plaaslike handelsadvertensies* is ook by alle koerantgroepe waarneembaar vir die tydperk 1976 en 1977. Die ruimtebeslag van *Nasionale handelsadvertensies* het daarenteen 'n dalende neiging na die instelling van televisie getoon. Hierdie veranderinge strook in breë trekke met dit wat verwag is.

Teen die verwagting in toon middagkoerante oor die algemeen nie meer veranderinge wat moontlik met televisie verband hou as ander koerante nie.

Een opvallende verandering wat nie voorsien is nie, is die vermeerdering van die ruimtebeslag van die *diensfunksie* - en meer spesifiek die subfunksie *Omgewingsinligting* - na die instelling van televisie (kyk tabelle 3.23 tot 3.26). Soos genoem hou dit waarskynlik deels verband met die publikasie van gegewens oor televisieprogramme wat in feitlik alle koerante voorkom. Dit is opvallend dat die subfunksie *Verbruikershulp*, wat verband sou hou met die bespreking van televisieprogramme, nie in groter mate voorgekom het na die instelling van televisie nie.



2.2.4 *Algemene kennis*

Onder algemene kennis word bedoel wat Willey (1942: 19) noem ' ... miscellaneous non-news materials for the general instruction or information of readers'. Dit verskil van *Dienste en wenke* daarin dat hierdie inligting nie in die eerste plek daarop gerig is om die leser in staat te stel om self sy lewe te beplan of te reël nie, maar oor inligting handel wat vir die interessantheidswaarde daar= van gepubliseer word.

*Algemene kennis* word verder van *Vertolkende nuus* onderskei deur die feit dat dit nie nuusverklarend ingestel is nie.

*Algemene kennis* word in twee subkategorieë onderverdeel, naamlik

(a) *Algemene kennis: Feiterelase*, en

(b) *Algemene kennis: Bespiegelings.*

Twee soorte *Feiterelase* word onderskei: *Feiterelase van wetenskaplike, kulturele of geskiedkundige aard*, byvoorbeeld biografiese items oor bekende of belangrike persone of beskrywings van wetenskaplike beginsels, en feiterelase wat biografiese items oor onbekende persone en onbelangrike sake behels, byvoorbeeld die beskrywing van 'n onbekende persoon se uitsonderlike stokperdjie of leefwyse. Laasgenoemde word vir die doel van die verslag *Ontvlugtings-Algemene kennis* genoem.

'n Soortgelyke indeling is nie van toepassing by die subkategorie *Bespiegelings* nie. Voorbeelde van *Bespiegelings* is filosofiese besprekings van die oorsake van oorlog of die wese van kuns. Hierdie subkategorie is verder onderverdeel in *Oorredende bespiegelings* en *Nie-oorredende bespiegelings*. Met *Oorredende bespiegelings* word daar, soos in die geval van *Nuuskommentaar*, probeer om die leser van 'n sekere standpunt te oortuig of tot 'n sekere handeling aan te spoor.

2.2.5 *Briewe*

Alle briewe van lesers aan die koerant se redaksie word by hierdie kategorie ingesluit.

2.2.6 *Advertensies*

Vir die doel van hierdie projek is tussen die volgende advertensietipes onderskei:

(a) *Geklassifiseerde advertensies (Smalls)*

Geklassifiseerde advertensies word onderverdeel in Persoonlike boodskappe, Geboortes en sterfgevalle en Ander Geklassifiseerde advertensies.

(b) *Gewone advertensies*

Gewone advertensies is verder verdeel in:

1) *Betrekkingsadvertensies*, dit wil sê advertensies wat poste en betrekkings adverteer.

2) *Handelsadvertensies*, dit wil sê advertensies wat 'n diens of 'n produk adverteer. *Handelsadvertensies* is verder verdeel in *plaaslike handelsadvertensies* en *nasionale handelsadvertensies*. Eersgenoemde is gerig tot 'n enkele dorp of stad of streek. *Nasionale handelsadvertensies* is gerig tot 'n onbeperkte publiek.

2.2.7 *Ander koerantinhoud*

In hierdie kategorie kom alle items wat nie in bogenoemde kategorieë ingedeel kan word nie. Voorbeelde van materiaal vir hierdie kategorie is koerantname, bylaename, inhoudsopgawes, oop spasies en vorms waarop vir die koerant ingeteken kan word.



het oor die algemeen proporsioneel verminder. In die totale koerant was daar gedurende die steekproeftydperk egter in die geheel nie 'n toename in die ruimtebeslag van illustrasiemateriaal nie en by die koerantafdelings het daar dikwels eerder 'n geringe toename as 'n afname voorgekom. In enkele gevalle kom hierdie toenames selfs direk na die instelling van televisie voor. In dié opsig kan byvoorbeeld gekyk word na die proporsionele toenames in die ruimtebeslag van swart-en-wit tekeninge wat in 1976 op die redaksionele blad van Afrikaanse en middagkoerante voorgekom het en na die toenames in kleurfoto's op die agterblad, afdeling 6, van Afrikaanse en oggendkoerante (kyk tabelle 3.27 tot 3.30).

Wat betref die moontlikheid dat meer *Vertolkende nuus* na die instelling van televisie kan verskyn, is bevind dat daar geen sodanige verandering in die ruimtebeslag van dié funksie gedurende die steekproeftydperk voorgekom het wat moontlik aan die instelling van televisie gekoppel kan word nie.

Dieselfde bevinding geld in 'n groot mate vir die ruimtebeslag van die *ontvlugtingsfunksie* wat na verwagting moontlik sou verminder na die instelling van televisie. Slegs in afdeling 1 (die voorblad) van die koerante is daar steun vir hierdie voorspelling verkry, en dit slegs vir een jaar, naamlik 1976 (kyk tabelle 3.4 tot 3.8).

Die voorspelling dat koerante oor die algemeen moontlik meer op nuus van streeks- en plaaslike belang sou konsentreer, is in die geheel ook nie bewaarheid nie. Slegs in enkele gevalle kan aanduidings van die aard gesien word. Engelse koerante en middagkoerante toon byvoorbeeld 'n geringe styging in die ruimtebeslag van *Plaaslike nuus* na die instelling van televisie en in Afrikaanse koerante is daar 'n geringe afname in die ruimtebeslag van *Oorsese nuus* gedurende dieselfde tydperk (kyk tabelle 3.13 tot 3.16).

middagkoerante bymekaargetel) blyk dat daar met verloop van tyd na verhouding 'n vermeerdering in ruimtebe= slag van hierdie tipe materiaal plaasgevind het. Hierdie vermeerdering toon egter geen duidelike verband met die instelling van televisie nie.

As gekyk word na die illustrasiemateriaal binne die af= sonderlike afdelings van die verskillende koerantgroepe, is enkele interessante verskynsels waarneembaar. In alle koerante behalwe oggendkoerante is daar in afdeling 1 (die voorblad) 'n afname in die ruimtebeslag van swart en wit foto's waar te neem en as daar na Afrikaanse koerante en middagkoerante gekyk word, lyk dit of die afname verband kan hou met die instelling van televisie. In afdeling 3 (die redaksionele blad) van Afrikaanse koerante kom daar verder ten opsigte van swart-en-wit tekeninge vanaf 1976 'n toename in ruimtebeslag voor en in afdeling 6 (die agterblad) van oggend- en Afrikaanse koerante is daar vanaf 1976 'n toename in ruimtebeslag van kleurfoto's te bespeur. Hierdie verandering kan ook moontlik met die instelling van televisie verband hou.

## 3.3 GEVOLGTREKKING

Met enkele uitsonderinge is veranderinge in die ruimtebeslag van verskillende funksies, wat moontlik betrekking kan hê op die instelling van televisie in Suid-Afrika, in die onderskeie koerantgroepe gedurende die steekproeftydperk beperk tot afdelings in 'n koerant en/of subfunksies. As gekyk word na die voorsiene moontlike veranderinge in ruimtebeslag soos in paragraaf 1.1 genoem en dit word vergelyk met die resultate soos in hierdie hoofstuk uiteengesit, kan die volgende gemerk word. Wat die verwagte afname in die ruimte= beslag van illustrasiemateriaal betref, skyn hierdie soort verandering beperk te wees tot enkele afdelings binne sommige van die koerantgroepe. Swart-en-wit foto's op die voorblad



## 2.3 AANBIEDING VAN GEGEWENS

In die vorige paragraaf is 'n uiteensetting gegee van die kategorieë wat gebruik is vir die ontleding van die koerant. Die ruimtebeslag van elke kategorie sal egter nie in hierdie verslag afsonderlik aangegee word nie.

Kategorieë word saamgegroepeer op grond van sekere funksies wat hulle vervul en die ruimtebeslag van die verskillende funksies is op dié wyse bepaal. Elke kategorie of subkategorie is slegs by een funksie ingedeel, naamlik die funksie wat dit volgens die oordeel van die ontleders die meeste vervul.

In die literatuur is reeds veel aandag gegee aan die omskrywing van die funksies van koerante. Ivor Benson (1967: 32) som die funksies kernagtig soos volg op '... the functions it performs or is supposed to perform are as old as the human race or even older - those of gathering, sifting and interpreting the information which a community must have if it is to survive and unfold its inner possibilities'. Ander voorbeelde van uiteensettings van koerantfunksies is dié van Willey (1942: 19), Herbst (1973: 52-61) en Engelbrecht (1972: 24-33) (sien tabel 2.7).

TABEL 2.7

KOERANTFUNKSIES

| Wiley (1942: 19) | Herbst (1973: 52-61) | Engelbrecht (1972: 26-33) |
|---|---|---|
| News function | Kennisvermeerdering | Inligting |
| Editorial function | Beïnvloeding | |
| Backgrounding function | Vertolking | Voorligting |
| Entertainment function | Ontspanning | Vermaak |
| Advertising function | | |
| Encyclopedic function | Opvoeding | Opvoeding |
| | Estetiese genot | |
| | Kulturele opheffing | |
| | Sosialisering | |

Hoewel daar verskille is wat betref die terminologie van hierdie skrywers, is daar oorvleuelings en kom die ver= skillende groepe funksies in baie opsigte ooreen. Vir 'n vollediger uiteensetting van ander skrywers se indelings van die funksies soos dit in die literatuur bespreek word, kan Engelbrecht (1972) geraadpleeg word.

2.3.1 *Saamgroepering van subkategorie tot funksies*

Vir die doel van hierdie projek is die funksies van die koerant soos volg gedefinieer:



3.2.5 *Die diensfunksie*

Ten spyte daarvan dat daar in tabelle 3.5 tot 3.8 geen betekenisvolle veranderinge van jaar tot jaar met betrekking tot die ruimtebeslag van die *diensfunksie* binne elk van die vier koerantgroepe voorkom nie, is 'n sekere ooreenkoms in die persentasies van die koerantgroepe waarneembaar. Die gemiddelde ruimtebeslag van hierdie funksie vir die drie jare 1976, 1977 en 1978 is naamlik by elke koerantgroep proporsioneel meer as die van die steekproefjare voor 1976. Hierdie verskynsel is veral by oggendkoerante waarneembaar. Bestu= dering van die verskillende koerantafdelings toon dat hierdie proporsionele ruimtevermeerdering veral toegeskryf kan word aan die proporsionele vermeerdering van ruimtebeslag in afdelings 5 en 7 van die koerante. Tabelle 3.23, 3.24, 3.25 en 3.26 toon verder dat dit veral die verandering in die dekking van die subfunksie *Omgewingsinligting* is wat verant= woordelik vir hierdie styging in ruimtebeslag kan wees. Hierdie verandering kan moontlik verband hou met die instelling van televisie en is waarskynlik deels veroorsaak deur die publikasie van televisieprogramuitsaaitye sedert die instelling van televisie.

3.2.6 *Illustrasiemateriaal*

Om 'n beeld te gee van die wyse waarop koerante gedurende die steekproeftydperk van illustrasiemateriaal gebruik gemaak het, is inligting in die verband in tabelle 3.27, 3.28, 3.29 en 3.30 uiteengesit. Soos in die tabelle gesien kan word, is daar gedurende die steekproeftydperk in die totale koerant een geval wat statisties betekenisvol verskil van ander jare, naamlik die ruimtebeslag van kleurfoto's wat in Afrikaanse koerante van 1973 proporsioneel minder is as in die ander steekproefjare. Indien gelet word op al die fotomateriaal (kleur- en swart-en-wit foto's) in al die koerante gesamentlik (met ander woorde Afrikaanse en Engelse koerante of oggend- en

groepe vir die steekproefjare na die instelling van televisie op die redaksionele blad (afdeling 3) in mindere of meerdere mate 'n toename in sodanige ruimtebeslag waar=geneem kan word. Ander veranderinge wat voorkom wissel in rigting en grootte van afdeling tot afdeling en van koerant=groep tot koerantgroep. Ten opsigte van die ruimtebeslag van die verskillende subfunksies van die *ontvlugtingsfunksie* (sien tabelle 3.17 tot 3.20) is daar in geen geval noemens=waardige veranderinge waarneembaar nie.

3.2.4 *Die interpretasiefunksie*

'n Studie van tabelle 3.5, 3.6, 3.7 en 3.8 toon dat die ruimtebeslag van hierdie funksie in die totale koerante weinig deurlopende veranderinge toon wat met die instelling van televisie in verband gebring kan word. Daar is wel by Engelse koerante 'n neiging tot 'n proporsioneel hoër ruimte=beslag in 1975 waarneembaar. Die afname in ruimtebeslag van 1976 af kan egter nie sonder meer aan die invloed van televisie toegeskryf word nie. 'n Studie van die ruimte=beslag in die onderskeie afdelings toon dat die grootste en meeste fluktuasies in 1975 en 1978 plaasgevind het. Dit is waarskynlik dat ander faktore as die instelling van televisie hiervoor verantwoordelik gehou moet word. Die uiteensetting wat in tabelle 3.21, 3.22, 3.23 en 3.24 van die verskillende subfunksies van die *interpretasiefunksie* gegee word, toon ook geen veranderinge wat noodwendig met die instelling van televisie verband hoef te hou nie.



(a) *Die inligtingsfunksie*

Die leser word van inligting ten opsigte van sy onmiddellike leefwêreld voorsien. Alle onderverdelings van die subkategorie *Suiwer nuus*, behalwe die onder=afdeling *Ontvlugtingsnuus* is hierby ingedeel.

(b) *Die ensiklopediese funksie*

Die koerant verskaf inligting van die aard wat in 'n ensiklopedie of soortgelyke naslaanwerk gevind kan word. Die leser word dus ingelig ten opsigte van kulturele en wetenskaplike sake en die geskiedenis daarvan sowel as die geskiedenis van mense. Die subkategorie van *Algemene kennis: Feiterelase van wetenskaplike, kulturele of geskiedkundige aard*, soos in die toepaslike paragraaf omskryf, is by hierdie funksie van toepassing.

(c) *Die diensfunksie*

Dit verwys na dienste wat deur die koerant aan die leser gelewer word en wat daarop gemik is om die leser se " ... daaglikse lewe te vergemaklik" (Engelbrecht, 1972: 25). Die funksie word deur die kategorie *Dienste en wenke* vervul.

(d) *Die interpretasiefunksie*

Nuus en ander onderwerpe word ter wille van beter insig by die leser bespreek en geïnterpreteer. Die kategorie *Vertolkende nuus* en die subkategorie *Nie-oorredende bespiegelings* by *Algemene kennis* vervul hierdie funksie.

(e) *Die beïnvloedingsfunksie*

Hierdie funksie verwys na items in die koerant waarmee gepoog word om die leser se houdings, waardes, handelinge of opinies te verander. Dit kan direk of indirek geskied. Indirekte beïnvloeding vind plaas deur metodes soos nuusseleksie en plasing. Hierdie tipe beïnvloeding word nie in hierdie projek ondersoek nie. Die beïn=vloedingsfunksie soos hier gedefinieer, het slegs betrekking op direkte pogings om die leser te beïnvloed. Hierdie beïnvloedingspogings kan plaasvind deur logiese beredenerings, emosionele oproepe of beide. Die beïnvloedingsfunksie word in koerante verrig deur die kategorie *Nuuskommentaar* en die subkategorie van *Algemene kennis, Oorredende bespiegelings.*

(f) *Die ontvlugtingsfunksie*

Die term 'ontvlugting' word hier gebruik om 'n leser se tydelike, geestelike onttrekking van die werklikheid te beskryf. Die funksie kon in 'n mate ooreen met 'Unterhaltung' (Snyman, 1971), 'entertainment' (Robbins, 1956 en Willey, 1942), ontspanning (Herbst, 1973) en vermaak (Engelbrecht, 1972). Alle items wat in die sub=kategorie *Vermaak* geklassifiseer word, met die uitsondering van *Wedstryde*, dra by tot die vervulling van die *Ont=vlugtingsfunksie*, *Ontvlugtingsnuus* en *Ontvlugtings-Algemene kennis* word ook by hierdie funksie betrek.

(g) *Die materiële winsfunksie*

Die funksie verwys na items waarmee die leser homself op een of ander wyse materieel kan bevoordeel. Die funksie word vervul deur die subkategorie *Wedstryde.*



afdeling 1 (die voorblad) by al die koerantgroepe tussen 1975 en 1976 'n relatiewe skerp styging in ruimtebeslag en tussen 1976 en 1978 'n relatief opvallende daling in die ruimte=beslag van hierdie funksie voorgekom het. In afdeling 4 (die redaksionele teenblad) is daar in vergelyking met die steekproefjare voor 1976 by omtrent al die koerantgroepe 'n toename in die ruimtebeslag van hierdie funksie vir die tydperk 1976 tot 1978 in die geheel te bespeur. In Afrikaanse koerante geld dié toename egter hoofsaaklik vir 1976. As gekyk word na tabelle 3.13, 3.14, 3.15 en 3.16 blyk dat die toename in ruimtebeslag sedert 1976 by geen enkele subfunksie (die verskillende soorte nuusaanbiedinge) opvallend is nie. Die ruimtebeslag van *Suid-Afrikaanse nasionale nuus* is feitlik deurgaans proporsioneel ietwat meer as ander soorte nuus en toon op die oog af in die meeste koerantgroepe 'n effense styging na die instelling van televisie alhoewel die styging in geen geval statisties beduidend is nie. Verder is daar in 1978 by sowel Engelse as middagkoerante 'n baie geringe dog statisties betekenis=volle vermeerdering in ruimtebeslag van *Plaaslike nuus* merk=baar, terwyl daar van 1973 tot 1978 by Afrikaanse koerante 'n geringe afname in *Oorsese nuus* opgemerk word.

3.2.3 *Die ontvlugtingsfunksie*

Die ruimtebeslag van die *ontvlugtingsfunksie* toon in die totale koerant (kyk tabelle 3.5 tot 3.8) in geen geval op=vallende veranderinge gedurende die steekproeftydperk nie. In die groep Afrikaanse koerante was die ruimtebeslag in 1973 egter na verhouding hoër as in ander jare en hieruit word afgelei dat daar wel proporsioneel oor die jare 'n effense afname in ruimtebeslag voorgekom het. Ten opsigte van die afsonderlike koerantafdelings kan die volgende opgelet word: In alle groepe koerante behalwe die oggendblaaie is daar gedurende 1976 in afdeling 1 (die voorblad) 'n afname in die ruimtebeslag van hierdie funksie, terwyl daar in alle koerant=

daling het na verhouding veral voorgekom in afdeling 3 (die redaksionele blad) en in die geval van meeste koerante in afdeling 5 (die deel tussen die redaksionele teenblad en die agterblad).

Die ruimtebeslag van die subfunksies van die *advertensie=funksie* word in tabelle 3.9, 3.10, 3.11 en 3.12 aangegee. Inspeksie van hierdie tabelle toon die volgende tendense wat in 'n mindere of meerdere mate by alle koerantgroeperinge voorkom. Die ruimtebeslag van *Plaaslike handelsadvertensies* toon in 1976, die jaar van die instelling van televisie, 'n toename in ruimtebeslag wat voortduur tot in 1977, die jaar voor die verskyning van die eerste televisie-advertensies. Ten opsigte van *Nasionale handelsadvertensies* kan daar in 'n groot mate die teenoorgestelde tendens, dit wil sê 'n dalende neiging vanaf 1976 waargeneem word. Hierdie waarnemings word in etlike gevalle gestaaf deur statisties beduidende hoogtepunte voor die instelling van televisie en statisties beduidende laagtepunte na die instelling van televisie. Wat *Geklassifiseerde advertensies* betref, skyn veranderinge in proporsionele ruimtebeslag slegs in die geval van oggendkoerante moontlik verband te hou met die instelling van televisie.

3.2.2 *Die inligtingsfunksie*

Ten opsigte van die proporsionele ruimtebeslag van die *inligtingsfunksie* in die geheel is daar volgens tabelle 3.5 tot 3.8 geen statisties betekenisvolle veranderinge gedurende die steekproeftydperk nie. Nadere beskouing toon egter wel een ooreenkoms tussen die persentasies van die vier groepe koerante, naamlik proporsionele vermeerderings van die ruimtebeslag van hierdie funksie gedurende die twee jare (1976 en 1977) na die instelling van televisie. Wat die voorkoms van hierdie vermeerderings in die afdelings van die verskillende koerantgroepe betref, is daar egter nie 'n konstante patroon nie. Verder kan by bestudering gesien word dat daar in



(h) *Die Selfuitdrukkingsfunksie*

Koerante gee deurentyd aan lesers die geleentheid om hulle gedagtes in die vorm van briewe in die pers=stuk uit te spreek . Ook die *Geklassifiseerde advertensies* wat handel oor geboortes, sterfgevalle en persoonlike boodskappe word by hierdie funksie ingeskakel.

(i) *Advertensiefunksie*

Advertensies word, soos wat die geval is met meeste ander koerantitems, om verskeie redes in koerante geplaas. In die eerste plek bied advertensies verskillende individue en firmas die geleentheid om verkope te bevorder en 'n verskeidenheid van produkte en dienste aan die verbruiker bekend te stel. In die tweede plek word die leser die geleentheid gegee om op die hoogte te bly van hierdie dienste en ware. Vir die doel van hierdie projek word egter aanvaar dat die inkomste wat koerante van adverteerders verkry die hoofrede is waarom advertensies geplaas word. Die funksie word vervul deur alle subkategorieë van *Advertensies* behalwe *Geklassifiseerde advertensies* wat betrekking het op geboortes, sterfgevalle en persoonlike boodskappe.

2.3.2 *Aanbieding van resultate volgens koerantafdelings*

Afgesien van die ruimte wat elke funksie in die totale koerant beslaan, word die ruimte wat elke funksie beslaan ook as 'n persentasie van afsonderlike koerantafdelings aangebied. Vir die doel is die koerant opgedeel in sewe afdelings,

Afdeling 1, die voorblad. Dit verwys na die eerste bladsy van die koerant.

Afdeling 2, die bladsy(e) tussen die voorblad en die redaksionele blad.

Afdeling 3, die redaksionele blad. Dit verwys na die bladsy waarop die redaksionele kommentaar van die koerant voorkom.

Afdeling 4, die bladsy teenoor die redaksionele blad.

Afdeling 5, die bladsy(e) tussen die teenblad van die redaksionele blad en die agterblad.

Afdeling 6, die agterblad. Dit verwys na die laaste bladsy van die hoofkoerant, dit wil sê die koerant as die bylae of bylaes nie ingereken word nie.

Afdeling 7, die bylae. Dit verwys na dele van die koerant wat 'n eie paginering het of wat geen paginering het nie.

2.3.3 *Illustrasiemateriaal*

Ter wille van 'n duideliker beeld ten opsigte van die same=stelling van 'n koerant en die wyse waarop funksies uitgevoer is, is die ruimtebeslag van illustrasiemateriaal in koerante ook gemeet. In die meting is 'n onderskeid getref tussen swart-en-wit foto's, kleurfoto's, swart-en-wit tekeninge en kleurtekeninge. Weens die unieke aard van advertensies is die illustrasie-inhoud van advertensies nie by hierdie meting betrek nie. In advertensies is illustrasiemateriaal dikwels nie duidelik van die geskrewe deel onderskeibaar nie.

## 2.4 VERGELYKING VAN DIE RUIMTEBESLAG VAN DIE FUNKSIES OOR DIE STEEKPROEFJARE

Daar is gepoog om neigings of veranderings te bepaal aan die hand van 'n vergelyking tussen die ruimtebeslag van die ver=skillende funksies oor die verskillende jare. Die ingesamelde data is ontleed deur middel van die ontledingstegniek wat in die literatuur onder die naam log-lineêre model-ontledings=tegniek bekend staan.
Die ontleding het geskied deur gebruik te maak van die rekenaarprogram P3F van die BMDP-rekenaarprogramstelsel. Die P3F-rekenaarprogram stel die navorser in staat om die assosiasies tussen die kategorieë van veranderlikes te bepaal.



## 3.2 RUIMTEBESLAG VAN FUNKSIES

In tabelle 3.5, 3.6, 3.7 en 3.8 is inligting vervat ten opsigte van die ruimtebeslag van die verskillende funksies. In enkele opsigte toon al die groeperings van koerante deur al die steekproefjare ooreenkomste: Die *advertensie=funksie* is deurentyd die funksie wat die meeste ruimte opneem en proporsioneel is hierdie ruimtebeslag veral gekonsentreer op afdelings 2 (die gedeelte tussen die voorblad en die redaksionele blad), 5 (die gedeelte tussen die redak=sionele teenblad en die agterblad) en 7 (die bylae). Die funksie wat oor die algemeen die tweede meeste ruimte opneem, is die *inligtingsfunksie* en die afdelings waarin hierdie funksie proporsioneel die meeste voorkom, is deurgaans afdelings 1 (die voorblad), 2 (die deel tussen die voorblad en die redaksionele blad), 4 (die redaksionele teenblad) en 6 (die agterblad). Die funksies wat die minste deur die koerante verrig word, is die *materiële winsfunksie*, die *selfuitdrukkingsfunksie*, die *beïnvloedingsfunksie* en die *ensiklopediese funksie*. In hierdie verband kan egter genoem word dat, alhoewel die *beïnvloedingsfunksie* en die *interpretasiefunksie* in die koerant as geheel proporsioneel min ruimte beslaan, beide hierdie funksies in afdeling 3 (die redaksionele blad) van die koerant oorheersend is.

3.2.1 *Die advertensiefunksie*

Uit tabelle 3.5 en 3.7 blyk dat die ruimtebeslag van die *advertensiefunksie* in die geval van sowel die Afrikaanse koerante as oggendkoerante in 1978 (die jaar waarin daar met die vertoning van advertensies op televisie begin is) sta=tisties beduidend laer was as in die ander steekproefjare. Verder is bevind dat, hoewel dit nie in alle gevalle statis=ties beduidend is nie, daar by al vier koerantgroeperings (kyk tabelle 3.5 tot 3.8) van 1976 af 'n daling in die ruimte=beslag van hierdie funksie in die totale koerant was. Hierdie

TABEL 3.1

RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: AFRIKAANSE KOERANTE

| Jaar | Gemiddelde persentasies | | | | | | | | Gemiddelde oppervlakte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afdeling 1 | Afdeling 2 | Afdeling 3 | Afdeling 4 | Afdeling 5 | Afdeling 6 | Afdeling 7 | Totale koerant | cm² |
| 1973 | 4,6 | 33,0 | 4,6 | 4,6 | 36,1 | 4,6 | 12,6 | 100 | 44 000 |
| 1975 | 4,1 | 32,8 | 4,1 | 4,1 | 36,0 | 4,1 | 14,6 | 100 | 47 000 |
| 1976 | 4,3 | 30,4 | 4,3 | 4,3 | 36,5 | 4,3 | 15,0 | 100 | 44 000 |
| 1977 | 4,5 | 33,5 | 4,5 | 4,5 | 32,8 | 4,5 | 15,5 | 100 | 43 000 |
| 1978 | 4,8 | 31,8 | 4,8 | 4,8 | 33,3 | 4,8 | 15,9 | 100 | 41 000 |

TABEL 3.2

RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: ENGELSE KOERANTE

| Jaar | Gemiddelde persentasies | | | | | | | | Gemiddelde oppervlakte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afdeling 1 | Afdeling 2 | Afdeling 3 | Afdeling 4 | Afdeling 5 | Afdeling 6 | Afdeling 7 | Totale koerant | cm² |
| 1973 | 2,8 | 30,7 | 2,8 | 2,8 | 34,4 | 2,8 | 23,4 | 100 | 80 000 |
| 1975 | 2,5 | 32,8 | 2,5 | 2,5 | 28,6 | 2,5 | 28,4 | 100 | 81 000 |
| 1976 | 2,6 | 30,2 | 2,6 | 2,6 | 22,2 | 2,6 | 37,4 | 100 | 78 000 |
| 1977 | 3,4 | 32,0 | 3,4 | 3,4 | 25,8 | 3,4 | 28,9 | 100 | 60 000 |
| 1978 | 3,3 | 29,2 | 3,3 | 3,3 | 23,2 | 3,3 | 33,9 | 100 | 64 000 |

TABEL 3.3

RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: OGGENDKOERANTE

| Jaar | Gemiddelde persentasies | | | | | | | | Gemiddelde oppervlakte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afdeling 1 | Afdeling 2 | Afdeling 3 | Afdeling 4 | Afdeling 5 | Afdeling 6 | Afdeling 7 | Totale koerant | cm² |
| 1973 | 4,1 | 26,4 | 4,1 | 4,1 | 47,4 | 4,1 | 10,3 | 100 | 54 000 |
| 1975 | 3,2 | 32,1 | 3,2 | 3,2 | 35,8 | 3,2 | 19,6 | 100 | 62 000 |
| 1976 | 3,4 | 30,8 | 3,4 | 3,4 | 41,1 | 3,4 | 14,5 | 100 | 56 000 |
| 1977 | 3,9 | 31,7 | 3,9 | 3,9 | 40,3 | 3,9 | 12,8 | 100 | 51 000 |
| 1978 | 4,0 | 30,9 | 4,0 | 4,0 | 40,9 | 4,0 | 12,2 | 100 | 51 000 |

TABEL 3.4

RUIMTEBESLAG VAN DIE ONDERSKEIE KOERANTAFDELINGS: MIDDAGKOERANTE

| Jaar | Gemiddelde persentasies | | | | | | | | Gemiddelde oppervlakte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afdeling 1 | Afdeling 2 | Afdeling 3 | Afdeling 4 | Afdeling 5 | Afdeling 6 | Afdeling 7 | Totale koerant | cm² |
| 1973 | 3,1 | 33,3 | 3,1 | 3,1 | 30,5 | 3,1 | 23,7 | 100 | 69 000 |
| 1975 | 2,9 | 33,1 | 2,9 | 2,9 | 28,8 | 2,9 | 26,3 | 100 | 66 000 |
| 1976 | 2,9 | 30,0 | 2,9 | 2,9 | 19,9 | 2,9 | 38,2 | 100 | 66 000 |
| 1977 | 3,8 | 33,0 | 3,8 | 3,8 | 21,8 | 3,8 | 30,1 | 100 | 52 000 |
| 1978 | 3,8 | 29,9 | 3,8 | 3,8 | 20,2 | 3,8 | 34,2 | 100 | 54 000 |



In die ontleding van die verskillende tabelle is meerdere toetse op dieselfde stel data uitgevoer. Dit bring die wesenlike gevaar mee dat skyneffekte (assosiasies) as betekenisvol geïnterpreteer kan word. Daarom is die berekende waarde, wat as aanduiding van die effek beskou kan word, as betekenisvol geïnterpreteer slegs wanneer dit kleiner of gelyk is aan -3 of groter of gelyk is aan +3. In die tabelle word hierdie berekende waardes egter nie self aangegee nie, maar wel die persentasies waarop die waardes betrekking het. Alle statisties betekenisvolle gevalle word met 'n swaard (†) aangedui.

## 2.5 ONTLEDERS

Die inhoudsontleding is deur 'n hoofontleder en drie assistent= ontleders onderneem. Die assistent-ontleders is eerstens deur die hoofontleder opgelei in die algemene beginsels van inhouds= ontleding en die definisies van alle kategorieë is met hulle bespreek. Om die begrip van die assistent-ontleders te kon= troleer, is proefontledings op die koerant gedoen en is die resultate met die ontleders bespreek. Die proses is herhaal totdat alle definisies bemeester is.

Ten einde statisties na te gaan of die ontleders die koerante eenders ontleed het en of subjektiwiteit tot 'n minimum beperk is, is 'n betroubaarheidstudie vervolgens onderneem. Een koerant is volledig deur alle ontleders ontleed en die resultate van hierdie ontledings is deur middel van korrelasie= berekenings twee-twee vergelyk. Pearson r-waardes van groter as 0,85 is verkry. Betroubaarheidstudies van hierdie aard is met gereelde tussenposes gedurende die ontleding van die vier jaarlikse steekproewe van dagblaaie herhaal en dieselfde hoë peil van ooreenstemming is deurgaans tussen die kodeerders se ontledings behou.

HOOFSTUK 3

RESULTATE

## 3.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk 2, paragraaf 2.3 genoem, word daar vir die doel van hierdie projek nege funksies ten opsigte van koerante onderskei. Die funksies wat ondersoek word, is die *inligtingsfunksie*, die *ensiklopediese funksie*, die *diens=funksie*, die *interpretasiefunksie*, die *beïnvloedingsfunksie*, die *ontvlugtingsfunksie*, die *materiële winsfunksie*, die *selfuitdrukkingsfunksie* en die *advertensiefunksie*. Enige item wat nie onder een van die bogenoemde funksies ingedeel kan word nie, word onder *Ander koerantinhoud* geklassifiseer.

In die tabelle aan die einde van hierdie hoofstuk word die ruimtebeslag van die nege funksies aangegee as persentasies van die koerante as geheel sowel as persentasies van die onderskeie koerantafdelings (soos beskryf in paragraaf 2.3.2). Dit word afsonderlik gedoen vir die Afrikaanse en Engelse koerante van elke jaar, asook vir die oggend- en middag=koerante. In die tabelle verskyn ook 'n uiteensetting van die ruimtebeslag van die subfunksies van die vyf funksies wat die grootste koerantoppervlakte beslaan het. Behalwe in die gevalle van tabelle 3.1 tot 3.4 waarin die groottes van koerante en die persentasieruimtebeslag van die verskillende koerantafdelings uiteengesit word, is alle persentasies afgerond tot die naaste heelgetal. Gevolglik kom die som van die totale nie altyd presies op 100 % te staan nie. Die afronding bring ook mee dat daar in sommige gevalle volgens die tabelle 0 % van die totale koerantruimte aan 'n funksie of subfunksie bestee word, terwyl tot 5 % van die ruimte van 'n onderafdeling van die koerant aan hierdie funksie of subfunksie bestee word. Soos genoem,is die ruimtebeslag van die verskillende funksies oor die onderskeie jare met P3F vergelyk om die betekenisvolheid van verskille te toets. Hierdie vergelykings is slegs ten



opsigte van die ruimtebeslag van die totale koerant gedoen en nie ten opsigte van die ruimtebeslag van die onderskeie koerantafdelings nie. In gevalle waar 'n funksie se ruimtebeslag vir een jaar betekenisvol verskil van dieselfde funksie se ruimtebeslag in ander jare, is dit met 'n swaard (†) op die tabel aangedui.

Ten einde 'n aanduiding te kry van die relatiewe gewig wat aan die bogenoemde persentasies binne elke koerantafdeling geheg kan word, word die gemiddelde grootte (drukoppervlakte) van elke koerant en die proporsionele grootte van elke koerant=afdeling binne elke indeling van koerante in tabelle 3.1, 3.2, 3.3 en 3.4 aangegee. Die gemiddelde koerantgroottes word in vierkante sentimeter tot die naaste 1 000 aangegee en die proporsionele groottes van die onderskeie afdelings in persentasies wat tot een desimale syfer benader is.

Soos in tabelle 3.1 tot 3.4 gesien kan word, het daar by geeneen van die groepe koerante noemenswaardige veranderinge in ruimtebeslag gedurende die steekproeftydperk voorgekom nie.